Tot 60% van getoetste k

Christel Raubenheimer

Hulle het 'n jong kind dood op die kerktrappies opgetel. Die naald was nog in sy arm, met sy ouers se selfoonnommer langsaan op sy vel geskryf.

'n Ander heroïengebruiker is al 27 keer vir rehabilitasie opgeneem, sonder sukses.

Dít is maar enkele van die verhale wat me. Magda Forbes, bestuurder van St. Magdalena's Health Care, kan vertel. Dié organisasie toets kinders by skole vir dwelms.

Forbes toets skoolkinders met 'n eenvoudige urientoets wat van toonbankmedisyne soos eetlusdempers tot dagga en heroïen uitwys.

Tot 60% van kinders wat getoets word, is dwelmgebruikers. Dagga is die algemeenste dwelm.

"Ons moet kinders keer voor hulle van dagga na harde dwelms oorslaan. Slegs 2% van heroïengebruikers is rehabiliteerbaar.

"Die lewensverwagting vir 'n heroïengebruiker wat *spike* is sowat 18 maande," sê Forbes.

Wanneer hulle begin om kinders by skole te toets, is ouers dikwels die eerste om beswaar te maak.

In openbare skole móét ouers eers toestemming gee voor 'n kind vir dwelmgebruik getoets word.

"As 'n kind positief vir dwelms toets, behandel die ouers ons asof óns *drug dealers* is," sê sy. Die jongste kind wat positief vir heroïen getoets is, was 'n skamele agt jaar oud.

Dís wat dwelmver

- Dwelmrehabilitasie beloop enigiets van R50 000 vir ses maande se behandeling.
- Heroïenverslawing kan 'n gebruiker enigiets tussen R20 000 en R30 000 per maand kos.